IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. 2

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-08-12

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 126

(Bladsye 6 353 - 6 402)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF HERVAT OP 12 AUGUSTUS 1986.

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Kolonel, kan ons nou voortgaan. Ons is dan vandag by bladsy 13 van u ABD(4) Die Huhudi Youth Organisation. -- Dit is reg. Die bewysstukke betrokke is die bande BEWYSSTUK 12(1) en 12(2). Hulle word weer eens in hierdie dokument na verwys as band 1 en band 2 respektiewelik. Die transkripsie is V(12). Ek lees vanaf paragraaf 1 "Vir hierdie vergadering is daar twee kassetbande wat elk aan albei kante opgeneem is tot heel aan die einde. Die totale tydsduur van die dele wat opgeneem is, is naastenby 2 uur en 6 minute. Paragraaf 2. Die kwaliteit van die opname is nie baie goed nie. Dit is duidelik dat die mikrofoon nie naby aan die spreker was nie en gevolglik is daar probleme met eggos en agtergrondgeraas. Veral by dele waar 'n spreker sag en/of vinnig praat sal dit nie moontlik wees om alles te verstaan nie. Uit my vergelyking van die bande met die transkripsie was dit duidelik dat daar plekke is waar die transkribeerder nie alles kon hoor wat gesê is nie. Ek kon dit agterkom al verstaan ek nie die taal wat gepraat word nie." Ek kan net hier byvoeg dat die meeste van die toesprake op hierdie toesprake is in 'n Bantoetaal en dus kan ek net 'n baie subjektiewe mening gee omtrent die verstaanbaarheid en die kwaliteit van die spraak in hierdie bande. Paragraaf 3. "Die indeling van die kassetbande op die transkripsie en die tydsduur van elke deel van die vergadering is as volg: Band 1 kant 1: Bladsy 1 tot bladsy 24, ses lyne van onder (tydsduur naastenby 33 minute)." Voordat ek daardie ander bande noem sal ek net daardie laaste stukkie graag lees op die onderkant van die bladsy met 'n NB gemerk. "Let op dat daar 'n gaping van 'n aantal sekondes sal bestaan

... / tussen

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

tussen die dele waar die bande omgeruil is. Die presiese plek is nie altyd vir my duidelik nie weens 'n gebrek aan kennis van die taal. Hierdie gaping word nie aangedui op die transkripsie nie, waarskynlik omdat die transkripsie gemaak is vanaf heropnames wat in my laboratorium gemaak is en die transkribeerder moontlik nie bewus was van die oorgang vanaf die een band of kant na die ander nie.

HOF : Stel u dit as feit dat die transkripsie gemaak is van 'n heropname of spekuleer u dat die transkripsie gemaak is van 'n heropname? -- Dit is aan my meegedeel dat dit so gedoen is. Ek is op 'n stadium versoek om heropnames te maak vir die doel van transkripsie maak.

Wie het u dit meegedeel? -- Die betrokke ondersoekbeampte in die saak.

Want ek het hier 'n getuie gehad wat die bande oorgetik het van die oorspronklike af. Of dit nou noodwendig is wat ek voor die Hof het, is iets anders. -- Dit is moontlik. Ek het verstaan dat in sommige gevalle is daar 'n eerste transkripsie gemaak.

MNR. JACOBS : Miskien kan ek lig werp. Die transkripsie is oorspronklik van die oorspronklike gemaak en toe is die heropnames gemaak en die oorspronklikes behou en toe is daar verbeterings aangebring. Aanvanklik was dit nie vir hof-doeleindes gemaak nie en toe was die transkripsie, die heropname gebruik om die transkripsie heeltemal volledig te maak. Dit sou deel van die Staat se getuienis wees en moontlik van die erkennings wat die verdediging dan sal maak. -- Ek sal graag aan die Hof wil aandui op bladsy 24 van BEWYSSTUK V(12) naby aan die onderkant ses reëls van die onderkant af is daar 'n opskrif wat sê "Aubrey Mokoena" en dit is van daardie punt af wat die volgende kant vervolg.

... / So

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

So band 1 kant 2 begin met daardie pratery van Aubrey Mokoena. Dan lees ek verder by die uiteensetting van die bande. "Band 1 kant 2: Bladsy 24, vyf lyne van onder tot bladsy 30 middel (tydsduur naastenby 33 minute)." Op hierdie bladsy 30 is daar net onderkant die middel ŉ opskrif onder die naam "Hoffman Galeng" en bokant dit is daar ŉ paragraaf wat begin met - ek spreek maar uit op die Afrikaanse uitspraak "Gagona matlo." Dit lyk vir my asof die oorgang tussen band 1 kant 2 en band 2 kant 1 net bokant daardie paragraaf is.

HOF : Net bo Gagona? -- Ja. Daar is ek nie heeltemal seker van nie, maar dit is baie naby aan daardie plek. Ek lees verder op bladsy 13 "Band 2 kant 1: Bladsy 30 middel tot bladsy 34 ongeveer twaalf lyne van onder (tydsduur naastenby 30 minute)" Op hierdie bladsy 34 die tweede laaste paragraaf op die bladsy wat begin met "O itseka 1961." Dit is sover ek kon agterkom net omtrent bokant daardie paragraaf wat die oorgang is tussen hierdie band 2 kant 1 en band 2 kant 2. "Band 2 kant 2: Bladsy 34 ongeveer 13 lyne van onder tot bladsy 55 (tydsduur naastenby 30 minute) Paragraaf 4 bladsy 14. Volgens my analise van die bande is dit duidelik dat die opname vir elk van die vier kante wat hier ter sprake is derulopend was sonder enige af en aan skakelings binne die band. Paragraaf 5. By ŉ klein aantal geleenthede is daar op hierdie opnames kort verdwynings van die klank. Verskeie hiervan is op die ossilloskoop ondersoek en dit is duidelik geen af/aan skakelings nie. Die tydsduur van dié wat gemeet is, is in alle gevalle heelwat minder as een sekonde. Dit lyk slegs na verbindingsprobleme wat kan ontstaan wanneer daar aan die drade of aansluiters geraak word. Daar is ook enkele sogenaamde 'drop-outs' wat tydens die opnameproses ontstaan

... / wanneer

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

wanneer die band vir kort rukkies nie baie goed kontak maak met die bandopnemer se opneemkop nie. Dit gebeur gewoonlik wanneer die band effens gekreukel is as gevolg van vorige gebruik. Sulke 'drop-outs' veroorsaak slegs dat die opname vir kort rukkies effens sagter word. In die geheel gesien het hierdie verdwynings van klank geen noemenswaardige invloed op die verstaanbaarheid van die spraak nie. Paragraaf 6. Tydens een van die ossilloskoop ondersoeke is ʼn interessante waarneming gemaak. Daar was ʼn puls op die klank wat duidelik met die oor gehoor kon word, maar wat slegs met moeite op die ossilloskoop gevind kon word. Dit is net nog ʼn positiewe aanduiding van hoe gevoelig ʼn geoefende luisteraar se oor kan wees om enige afwykings van die normale spraaksein op te spoor. Hierdie plek is op kant 2 van band 1 (tellerlesing 337) en dit kom voor op die middel van bladsy 28 van die transkripsie."

Kan ek net duidelikheid kry sodat daar nie verwarring is nie. Is dit u tellerlesing of die lesing van ... -- Dit is korrek. Dit is my tellerlesing soos volgens my analise. "Ossilloskoopfoto's is van daardie stukkie gemaak en kan op die volgende bladsy gesien word. Die posisie van die puls wat duidelik met die oor gehoor kan word, is met ʼn pyltjie gemerk op die foto's. (Ek kan net hier byvoeg ek weet nie presies waar op bladsy 28 nie, omdat ek nie die taal verstaan nie en ek kan nie die transkripsie vergelyk met die presiese woorde nie) Dit is duidelik vanaf die foto's dat die puls glad nie besonder sterk is nie. Dit is selfs swakker as sommige van die omliggende spraakklanke. Die oor herken dit egter as iets wat nie pas by die stukkie spraak waarop dit voorkom nie.

HOF : Kan u my net sê. Is dit iets wat die spreker nie

... / gesê

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gesê het nie of waar hy sy stem verander het of geskreeu het of wat kan dit wees? -- Dit is ŉ voorbeeld waar ek op verskeie plekke geskryf het "klikgeluide in saal of klikgeluide in akoestiese klank. Dit is ŉ klikgeluid wat ontstaan in die omgewing waar die spreker praat en wat dan saam met sy spraak op die mikrofoon opgetel word."

Kan dit byvoorbeeld wees as hy ŉ pen laat val of iets? -- Dit is korrek. Op bladsy 15 waarop die foto's verskyn wil ek graag ŉ paar aanmerkings maak. Die boonste foto is van ŉ stukkie van 200 millisekondes uit die spraak. Die posisie van die puls waarna verwys word is met ŉ pyltjie aangedui aan die bokant. Daar kan duidelik gesien word op daardie foto dat die puls iets is wat onegalig is ten opsigte van die res van die klanksein. Op die onderste foto is die klein stukkie in die omgewing van hierdie puls uitgereik sodat die stukkie klanksein in daardie omgewing duidelik gesien kan word. Uit ŉ analise soos hierdie kan duidelik gesien word dat daardie klik of puls slegs ŉ toevoeging is tot die normale spraak. Die ossilloskoopfoto wys baie duidelik dat daar geen moontlikheid bestaan dat daar op daardie punt enigsins met die opname gepeuter is nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Het u die band op daardie besondere punt ondersoek vir moontlike skade? -- Ja, ek het dit gedoen. Daar is niks daar op nie. Binnekort wanneer ek na die analise kyk, sal ek u verwys na verdere gebeurtenisse in die omgewing van daardie stukkie.

HOF : U sê dit toon duidelik dat daar nie gepeuter is nie. As ons nou kyk na foto 2, as daar gepeuter was, wat sou u verwag het op foto 2? -- In hierdie geval is daar ŉ baie mooi egalige opeenvolging van die basiese stembandpulse van die spreker. ŉ Peutering sou gekenmerk gewees het deur

... / een

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

een of ander afwyking in die egalige verloop van die seine terwyl dit heen en weer beweeg. Vir interessantheid kan ek miskien net noem dat op die onderste foto, die Huhudi foto 2, in die gedeelte net na daardie pulsie sal die op en af bewegings saamval met die manier en die tempo waarteen die stembande van die spreker oop en toe maak. Elke boontoe gaan en weer ondertoe kom verteenwoordig een keer dat die stembande oop en toe gemaak het. Die onderste foto dek ꞌn stukkie van slegs 50 millisekondes uit die spraak.

Ek wil u nog iets vra oor die foto. As ꞌn mens kyk na enigeen van die twee foto's, neem maar foto 2, dan sien jy dat op party plekke is die ligpunt duideliker as op ander plekke. Die streep is dowwer, stel dit maar so. Waarom is dit? -- Dit het te doen met die fotografiese sisteem. By sommige plekke beweeg die ligkolletjie vinniger en belig dit die fotografiese papier dus minder as op ander plekke. Gewoonlik by die draaipunte, naby die bokant en die onderkant of waar die ekskursies klein is beweeg die ligkolletjie stadiger en belig die fotografiese papier meer. Daarom kry ꞌn mens dat daardie dele helder is. Enige vinnige beweging van die ligkolletjie sal ꞌn dowwerstrepie op die fotografiese materiaal veroorsaak. Ek gaan nou eers oor na die analise van hierdie vergadering op <u>BEWYSSTUK ABD(6)(iv)</u> en volgens ooreenkoms sal ek net sekere van die punte uitlig. Op die eerste bladsy band 1 kant 1. Ek sou net voor dit by band 1 iets wou sê. Daar staan band 1 Agfa 60 + 6 kassetband. Ek wou net noem dat Agfa op ꞌn stadium kassetbande gemaak het wat ꞌn bietjie langer loop as die normale. Gewone C60 kassetbande loop 30 minute per kant, maar die 60 + 6 loop 30 plus 3 minute aan elke kant. So, die totaal is 60 + 6 en dit is ook weerspieël in die tydslengte wat aangegee

... / is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

is vir hierdie dele van die vergadering.

Noem hulle die band ŉ 60 + 6? -- Ja, dit staan op die band. Dan verder onder Band 1 kant 1 by my tellerlesing 002 staan daar geskryf "onderbreking." Kan u dit asseblief doodkrap en vervang met "Kort verdwyning van klank", want dit was al wat op daardie punt gebeur het. Daar was ŉ kort verdwyning van klank. Dan ŉ entjie verder aan by tellerlesing 150 staan daar "Kort verswakking in klank - moontlik 'drop-out'." In hierdie opnames van die Huhudi vergadering het ek gevind dat altwee die bande wat gebruik was, ŉ aantal "drop-outs" insluit. Dit beteken dat hierdie bande al altwee verskeie kere vantevore gebruik was en dat die bande dus nie meer in ŉ baie goeie toestand was nie. Twee posisies verder by tellerlesing 258 staan daar "Klikgeluid opgeneem deur mikrofoon. Dit aktiveer OWB. Bekyk op ossilloskoop. Geen af/aan pulse." Hier was daar weer eens ŉ klikgeluid wat deur die mikrofoon opgeneem is, maar baie sterker as die een wat byvoorbeeld op die foto's verskyn.

Wat is OWB? -- OWB staan vir Outomatiese winsbeheer.

Outomatiese wis- of winsbeheer? -- Wins. In Engels is dit "Automatic gain control". Meeste kassetbandmasjiene het ŉ sisteem van outomatiese winsbeheer op die mikrofooningang, sodanig dat dit nie moontlik is nie, daar is geen volumekontrole wat ŉ mens kan stel by die mikrofooningang wanneer die mikrofoon opneem nie. Dan reguleer die masjien vanself die wins sodanig dat hy altyd voluit opneem. As die klank sterk is, dan draai hy sy wins self af sodat dit nie oorlaai nie en as die klank sag is, dan kom die wins geleidelik op. Baie van u het al waarskynlik opnames gehoor waar iemand hard praat en dan is daar skielik ŉ stilte, dan hoor ŉ mens agtergrondgeraas kom weer te voorskyn.

... / ŉ Mens

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

'n Mens hoor dit veral op - wanneer daar televisienuus-onderhoude met mense op straat. Dan terwyl die persoon praat is die straatgeraas minder, maar net sodra hy opgehou het met praat, kom die straatgeraas weer deur en dit is die werking van outomatiese winsbeheer. Op hierdie plek was die klikgeluid sterk genoeg om outomatiese winsbeheer te akti-veer en dit het veroorsaak dat die normale spraak na hierdie punt vir 'n kort rukkie sagter opgeneem is. Dan nader aan die onderkant van die bladsy onder band 1 kant 2 gedeelte by tellerlesing 040 staan daar "Toespraak Aubrey." Ek het by party van die analises enkele stukkies inligting by geskryf van wat gebeur nou op die vergadering. So, hierdie beteken maar net dat die toespraak van die persoon Aubrey begin op daardie punt op my tellerlesing 040. By 086 is daar "Neurie terwyl Aubrey praat" en dit is waar die gehoor saggies neurie terwyl Aubrey besig is om te praat. By teller-lesing 220 staan daar "agtergrond buzz kom by klank vir geruime tyd. Kwaliteit van opname verbeter geleidelik." Hierdie woord "buzz" beskryf eintlik wat vantevore deur my in die hof genoem is brom, maar dit is brom wat verander is om sekere redes deur die elektroniese sisteem dat dit 'n baie sterker klank het as die gewone brom. Die oorsprong daarvan is presies dieselfde as brom naamlik geïnduseerde 50 Hertz sein en in hierdie geval was duidelik een of ander probleme met die verbindingsisteem of met die mikrofoon en daarom het daar vir 'n tydlank van hierdie bromgeluid by die spraak gekom, maar die spraak was nog altyd verstaanbaar. In hierdie gedeelte verbeter die kwaliteit van die opname dan. Skynbaar is iemand besig om iets aan die klanksisteem te doen. Net onder dit by tellerlesing 337 is daar geskryf "twee kort verdwynings van klank. Die eerste 250 millisekondes

... / stilte

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

stilte (op skoop bekyk) Die tweede 300 millisekondes. ŉ Enkele puls bo-op die klanksein tussen die twee. Dit is nie ŉ af/aan skakeling nie. Foto's geneem van puls. Hierdie kom voor in die middel van bladsy 28." Op hierdie plek van die band waar die foto's is waarna verwys was op bladsy 15 is daar links van daardie plek en regs van daardie puls kort verdwynings van klank ... (Hof kom tussenbei)

Nee,stadig nou. Bladsy 15 van BEWYSSTUK ABD(4)? -- Dit is korrek.,

Gaan voort. -- Die verdwynings van klank is ondersoek. Dit is maar die gewone probleem van verbindings en die pulsie waarvan die ossilloskoopfoto's geneem is, is tussen hierdie twee kort verdwynings van klank. Daar het niks anders verkeerd gegaan met die band op daardie stadium nie. Twee bladsye verder op die analise bladsy 15 van BEWYSSTUK ABD(6)(iv) onder B2 Kl by die tellerlesing 252 staan daar "Onegaligheid in opname - varieer tussen links en regs, klein 'drop-out'. Hou aan tot 254. Band effens gekreukel." Die analise is op hierdie stadium gemaak met ŉ stereo-kassetbandspeler en die twee kanale is apart na my twee ore gevoer. Die twee kanale se klank. Op hierdie stadium was daar ŉ "drop-out" gewees of ŉ gedeeltelike "drop-out" wat veroorsaak het dat die klank nie altyd ewe sterk opgeneem is op altwee dele nie.

Was hierdie ŉ stereo-opname? -- Nee, dit is ŉ mono-opname, maar met kassetbande is ŉ mono-opname sodanig dat dit die helfte van die band beslaan in een rigting, terwyl die stereo-bandmasjien luister na die linker- en die regterkant van daardie een enkele baan wat in een rigting opgeneem is.

Maar dan luister u mos op die wyse dat u met een

... / oor

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

oor niks hoor nie en met die ander oor alles hoor? -- Nee, die kassetbandmasjiene is so gemaak dat die stereokoppe sit so naby aan mekaar dat hulle dek die volle wydte van wat deur ŉ monomasjien opgeneem is. ŉ Monomasjien neem ŉ wyer stuk op op die band en daardie stuk is wyd genoeg dat elkeen van die stereokoppe ŉ deel van daardie sein registreer. Op kassetbande kan ŉ mono-opname dus op ŉ stereomasjien teruggespeel word of ŉ stereo-opname op ŉ monomasjien teruggespeel word. Twee tellerlesings verder by 339 is dit ŉ soortgelyke ding en die een daarna weer dieselfde. Daar staan weer "wisseling in klank tussen kanale - 'drop-out'." Ek gaan dan terug na bladsy 16 van BEWYSSTUK ABD(4) vir my finale opsomming omtrent hierdie vergadering.

MNR. JACOBS : Kan u miskien net voor u voortgaan met bladsy 16 op BEWYSSTUK ABD(4), die laaste deel daar by 135 "Klank verskuif gedeeltelik van een kanaal na ander." -- Ja , op bladsy 15 van ABD(6)(iv) onder B2 K2 by tellerlesing 135 staan daar "Klank verskuif gedeeltelik van een kanaal na ŉ ander maar verdwyn nie. Kom gou weer reg." Dit is ŉ soortgelyke situasie as wat onlangs bespreek is, wisseling in kanale,

Kan u vir ons miskien net in praktiese taal sê wat dit beteken het? -- Wat waarskynlik daar gebeur het, dit is nie noodwendig ŉ "drop-out" nie, want dit is van langer duur as ŉ "drop-out" maar wat wel in sulke gevalle kan gebeur met ou band is dat die band nie meer mooi gelyk loop oor die koppe nie en dat die band na links of na regs skuif, terwyl dit oor die koppe beweeg en dit veroorsaak dat die kanaal, soos dit opneem op die band, skuif die plek waar dit opneem na ŉ kant toe, na links of regs en wanneer dit teruggeluister word met ŉ goeie kwaliteit bandmasjien

... / wat

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

wat nie daardie probleem het nie, dan vind 'n mens dat daar dele waar daar vir een van die twee kanale van die stereosisteem nie genoeg sein opgeneem was sodat die klank ewe sterk op altwee sal deurkom nie.

Is dit reg, die klank, die spraak gaan deurlopend deur. Dit is net 'n variasie in die sterkte daarvan? -- Dit is korrek.

HOF : Dit is ook nie 'n variasie in die sterkte nie. Dit is net 'n variasie wat opgetel word deur die stereo as gevolg van die wisseling van die baan. -- Ja, op 'n mono-bandspeler sal daardie verskil waarskynlik glad nie eers merkbaar wees nie.

MNR. JACOBS : U kan dan maar voortgaan. -- Bladsy 16 Hoof spesifiek van BEWYSSTUK ABD(4). In paragraaf 7 is my finale gevolgtrekkings. "Volgens my analise van die bande kan ek geen aanduiding vind: (1) dat die opnames heropnames is nie; (2) dat die oorspronklike opnames op enige wyse na die tyd gewysig is nie; (3) dat daar op enige wyse met die opname gepeuter is nie. Hiervolgens is dit my deskundige mening dat die opnames oorspronklik en onveranderd is.

BEWYSSTUK ABD(6)(iv) is dit wat u met u analise van die hele bande gemaak het en is dit die enigste afwykings wat u kry of is daar ernstige of meer ernstiger afwykings wat u gekry het? -- Dit is die volledige verslag van die opvallende punte wat ek gevind het.

U bevestig dit en handig dit dan in as ABD(6)(iv). -- Dit is korrek.

Kan ons dan voortgaan na die volgende vergadering waarvan u die bande ondersoek en analises van gemaak het. -- Die volgende is van die Transvaal Indian Congress. Die bewysstukke betrokke daar is BEWYSSTUKKE 14(1) en 14(2) en die transkripsie is V(14). Ek lees vanaf die bokant van

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die bladsy gemerk Hoof spesifiek bladsy 17 van BEWYSSTUK ABD(4). "Paragraaf 1. Vir hierdie vergadering is daar twee rolle 5 duim band wat elk net aan die een kant opgeneem is met hierdie vergadering se spraak. Band 1 se tweede kant is skoon terwyl band 2 se tweede kant ŉ onduidelike en vervormde opname bevat wat ooglopend nie verband hou met die vergadering nie."

Terwyl ons by hierdie punt is, kan u net meer uitbrei op hierdie spesifieke band 2 se tweede kant. Hoekom sê u dit hou nie verband nie en wat kan dit veroorsaak?-- ŉ Kort beskrywing daarvan word gegee op die analise op bladsy 18 van BEWYSSTUK ABD(6)(v) onder die opskrif B2 K2. Daar staan "Opname van geraas, sang en pratery wat nie verband hou met die TIC vergadering nie. Die opname is onduidelik en vervormd. Dele klink slegs na agtergrondgeluide. Die laaste deel is slegs vervormde musiek. Die totale opname strek van begin tot end." Dit is duidelik dat in hierdie geval hierdie rol band nie vooraf skoongemaak was nie.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : U sê dit strek van begin tot end. Beslaan dit die hele band bedoel u? -- Dit beslaan daardie hele kant van die band, ja.

HOF : Beteken dit dat die opname gedoen is gelyktydig met die skoonmaak of beteken dit net dat die tweede kant nie skoongemaak is nie? -- Dit is nie duidelik nie, maar die kant waarop daar opgeneem is kon ook iets opgehad het maar dit sou skoongevee gewees het .

Met die opname? -- Met die opname. Dit is nie noodwendig dat daar iets op was nie. Wat ŉ mens wel verseker weet is dat die band nie as geheel skoongemaak is nie, want dan sou altwee kante skoon gewees het. Ek gaan verder op bladsy 17 van BEWYSSTUK ABD(4) paragraaf 2.


Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. JACOBS : Net voor u daar kom. Daar is nog Band 1 Kant 2. Dit is opgeneem tot aan die einde, terwyl Band 2 Kant 1 tot naby die einde opgeneem is, want ek wil hierby aangesluit het by wat ek vir u reeds gevra het. Na die einde, hy gaan tot naby die einde, daar waar die toespraak ophou, waar die vergadering ophou, het u daar ook weer verskynsels gekry van die vervormde musiek? -- Ja, daardie laaste stukkie van Band 2 Kant 1 wat nie tot op die einde opgeneem is nie, volgens my analise bladsy 18 van BEWYSSTUK ABD(6)(v) by tellerlesing 275 staan daar "Einde van opname. Band verder skoon. (Tekens van 'bulk erasing')" Dit beteken dan dat daardie kant, Kant 1 op 'n stadium vantevore wel deur 'n "bulk erasing" as geheel skoongemaak is, maar nie heeltemal volledig nie, sodat daar nog 'n klein bietjie tekens daarvan oorgebly het en die opname proses om hierdie vergadering op te neem het daar vir die deel wat wel opgeneem is die band deeglik skoongemaak en die vergadering opgeneem, maar dit is duidelik dat Band 2 Kant 2 gebruik was vir een of ander doel nadat dit vantevore deur 'n "bulk erasing" was.

U kan maar voortgaan. -- Ek gaan dan voort by paragraaf 2 op bladsy 17 BEWYSSTUK ABD(4). "Die opname van die vergadering op die bande is volledig vergelyk met die transkripsie van die vergadering wat beskikbaar is. Daarvolgens is dit duidelik dat die transkripsie 'n volledige en nagenoeg woordeliks korrekte weergawe is van wat op die rolle band verskyn. Die kwaliteit van die opname wissel van redelik tot goed. Die indeling van die rolle band op die transkripsie en die tydsduur van elke deel van die vergadering is as volg: Band 1: Bladsy 1 tot bladsy 36, elf lyne van onder tot by die plek waar in hakies geskryf is "End of tape 3 -

... / side

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

side 1" (tydsduur 1 uur 41 minute) Band 2: Bladsy 36, 10 lyne van onder tot einde bladsy 54 (tydsduur 1 uur 21 minute) NB Let op dat daar 'n gaping van ongeveer 1 minuut sal bestaan tussen die dele aan die einde van band 1 en die begin van band 2, soos op bladsy 36, 10 lyne van onder. Hierdie gaping word nie aangedui op die transkripsie, waarskynlik omdat die transkripsie gemaak is vanaf heropnames wat in my laboratorium gemaak is, en die transkribeerder moontlik nie bewus was van die oorgang vanaf die een rol band na die ander nie. Die oorgang na 'n volgende kassetband (waarop die heropname gemaak is) word wel aangedui op hierdie bladsy.

<u>HOF</u> : Nee, maar dit staan tog nie hier nie. Hier staan "End of tape 3 side 1." Die transkribeerder is dus bewus daarvan dat daar oorgegaan is van een band na 'n ander. -- Dit is duidelik dat hy bewus was dat op die bande waarmee hy gewerk het daar 'n oorgang was van een na die ander, maar dit is ook duidelik dat hy gewerk het met heropnames en nie met oorspronklike bande nie, want daar is nie in die oorspronklikes 'n tape 3 en 'n tape 4 nie. Daarom as 'n mens nie daar 'n nota gaan maak nie, kan dit lyk asof die woorde net voor dit "Terror has been travelling" eenvoudig voortgesit word in die volgende lyn "Around the country." Maar daardie sinne pas nie bymekaar nie. Daar is 'n gaping van ongeveer 'n minuut tussen daardie twee. Die oorgaan na 'n volgende kassetband waarop die heropname gemaak is, word wel aangedui op hierdie bladsy. Ek gaan voort op die volgende bladsy paragraaf 4. "My ondersoek van die bande het duidelik getoon dat behalwe in die sang naby die begin van band 1, die bandopnemer wat deur kaptein Sons gebruik is vir die maak van die opname nie gestop was binne die opname van spraak wat op 'n



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

band voorkom nie. Die bandopnemer is aangeskakel aan die begin van die band (of in die geval van band 1 weer 'n keer naby die begin toe daar tegniese probleme was)en vir band 1 eers gestop wanneer die band bykans vol is en vir band 2 wanneer die vergadering verby is." Ek moet onmiddellik hier sê dat dit is nie van my eie kennis dat ek weet dat kaptein Sons die opname gemaak het nie. Dit is aan my meegedeel. "Paragraaf 5. Dis duidelik dat daar gedurende diemaak van hierdie opname tegniese verbindingsprobleme was.

MNR. JACOBS : Ek dink ons moet die volgende, die aanduiwas gister al gewees dat ons moet enige verwysing na die Anti Saic opnames in u getuienis vermy. Sal ons hierdie gedeelte wat in hakies is as uitgeskrap beskou, U Edele?

-- Ja, ek wou reeds vir die Hof vra om maar daardie volgende sinnetjie wat in hakies is dood te krap. Ek vervolg daarna "Daar is enkele plekke op band 1 waar die klanksein vir 'n kort rukkie verdwyn. Sommige van die klankverdwynings is momenteel (minder as ongeveer 2 sekondes) en beïnvloed nie die verstaanbaarheid van die spraak nie. Een ander is egter langer (4,5 sekondes) en veroorsaak dat 'n aantal woorde nie gehoor kan word nie. Hierdie klankverdwynings is op die ossilloskoop ondersoek en daar kon duidelik vasgestel word dat hierdie verdwynings van die klank definitief nie toegeskryf kan word daaraan dat eie opname onderbreek is nie (deur die STOP of die PAUSE knoppie te gebruik nie) maar slegs dat die klank na die opnemer tydelik verdwyn het as gevolg van swak verbindings. In die geheel gesien het hierdie verdwynings van die klank geen groot invloed op die verstaanbaarheid van wat gesê is nie." Ek gaan nou na die analise van die band ABD(6)(v) om 'n paar punte daar te verduidelik. In die opskrif bo aan staan daar

... / TIC

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

TIC . Dan het daar gestaan 1986-05-28 wat veronderstel is om doodgekrap te wees. Ek dink op meeste van die kopieë wat ons versprei het behoort dit so te wees en daar moet bygeskryf wees 1984-07-18 want dit is die datum van die vergadering. Die ander datum is een wat per ongeluk daar ingekom het. Dit was die datum toe ek die analise gemaak het. Die bandmasjien gebruik vir die analise in hierdie geval was weer eens 'n UHER 4000. Verskoning, ek moenie sê weer eens nie. Dit was die enigste opname wat met die UHER 4000 gedoen is van hierdie bande. 'n Entjie verder op die bladsy onder B1 K1 by die tellerlesing 025 is daar 'n onderbreking in die opname van sang af en aan. Dan vir 'n rukkie brom, wat dan vinnig minder word en die toespraak begin dan hier. Op hierdie stadium is dit duidelik dat die bandopnemer afgeskakel was en weer aangeskakel was, maar die toespraak begin dan eers direk na die bandmasjien weer aangeskakel is. Kort daarna by tellerlesing 037 "Onderbreking in opname 4,5 sekondes. Op skoop bekyk." Ek wil net sê skoop is die afkorting vir ssilloskoop. "Baie duidelik verbinder probleme. Baie brom op sein. Sein gaan af, kom vir kort rukkie terug en dan weer af en kom dan weer terug. Klikgeluide op willekeurige plekke." Die indruk wat ek hier gekry het, is dat iemand besig is om te werskaf met die opnemer of van die toerusting wat daarmee saamgaan en dat hy sukkel om die verbindings mooi reg te kry. By die volgende tellerlesing 059 verandering in opnamevlak en dan neem dit toe en bly daar. Die UHER bandmasjien het nie outomatiese winsbeheer nie en die wins moet met 'n knoppie gedraai word, 'n volumekontrole en byvoorbeeld die volgende punt by 101 waar daar staan "Weer verandering in opnamevlak" dat iemand by tye gedraai het aan die opneemvolume. By 136 staan daar

... / Spoed

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

"Spoed verandering met klikgeluide. Onderbreking van ongeveer 84 millisekondes." Die onderbreking is dan in werklikheid ŉ kort verdwyning van die klank, net daarna is spoed hoog vir ŉ kort rukkie. "Waarskynlik het band vasgehaak en toe weer losgekom en sodoende hierdie effek veroorsaak."

HOF : Bedoel u met vashaak aan die kant van die rol? -- Ja, aan die kant van die rol of partykeer het ek al agtergekom dat daar om een of ander rede ŉ taaiigheid op die band kom, dan haak die band vas aan die laag net onder hom, die rol net onder hom en dié verskynsel het ek al baie maal in my lewe teëgekom met rolle band. Dit word gekenmerk deur ŉ kort verdwyning van klank tesame met ŉ spoedverandering. Die verdwyning is die plek waar die band nou stilstaan vir ŉ oomblikkie en dan sodra die band weer begin beweeg dan is die spoed verkeerd en daarom kry ŉ mens dan spoedverandering by daardie punt. Dit is dus ŉ natuurlike proses wat glad nie aandui dat iemand die bandopnemer af of aangeskakel het nie. Die volgende plek 137 staan daar "Kort onderbreking - verbinder probleem (kontak)." Die onderbreking is dan weer eens net ŉ verdwyning van die klanksein. Net onder dit staan daar NB "OWB werking nie waarneembaar. Slegs ŉ tipe van limiting effek op die 50 Hz brom." Hierdie gaan saam met die beskrywing by 137 waar daar staan verbinder probleme - kontak. Daar het op daardie stadium ŉ sterk hoeveelheid bromgeluid deurgekom. Die brom was sterk genoeg om die bandopnemer se klanksisteem effens te oorlaai. In ŉ bandopnemer met outomatiese winsbeheerwerking, sou dit winsbeheer geaktiveer het. In hierdie geval was dit opvallend dat daardie brom, alhoewel dit so sterk is, aktiveer dit nie winsbeheernie. Dit veroorsaak net dat die brom self vervormd raak, maar die spraak op die stadium kom nog altyd

... / redelik

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

redelik verstaanbaar deur.

Maar die OWB - dit kon nie waarneembaar wees nie, want daar was nie ŉ OWB nie. -- Dit is korrek, maar in my ondervinding het ek gevind dit is partykeer nuttig om op plekke waar ŉ mens OWB sou verwag, indien dit met ŉ ander bandopnemer opgeneem is, om ŉ nota te maak daarvan dat hier sou OWB gewerk het, maar het nie gewerk nie, wat weer eens net ŉ bevestiging is dat dit moes gemaak gewees het met hierdie bandopnemer. Byvoorbeeld indien iemand ŉ heropnameproses sou gemaak het op ŉ stadium na ŉ ander bandmasjien toe wat wel OWB het, dan sou OWB op hierdie punt geäktiveer geraak het.

MNR. JACOBS : Gaan voort. -- Op die volgende bladsy naby die bokant by tellerlesing 230 staan daar "Klikgeluid op klank self gedurende woord." Dit is weer eens een van die gevalle waar daar slegs ŉ klikgeluid by kom in die klank wat deur die mikrofoon opgetel is, soortgelyk aan die ossilloskoopfoto's wat vertoon is by die vorige vergadering. Die ander is alreeds bespreek. Ek het niks verder wat ek hieroor wil sê nie. Ek weet nie of daar dalk vrae is nie.

Net om dit dan saam te vat. BEWYSSTUK ABD(6)(v) verteenwoordig u waarneming van ŉ analise van hierdie band, twee rolle band wat u geanaliseer het oor hierdie vergadering? -- Dit is korrek.

En dit bied ŉ korrekte weergawe van wat u waarneming is? -- Dit is korrek.

U bevestig dit en handig dit in as BEWYSSTUK AB(6)(v). -- Ja, ek bevestig dit en ek handig dit so in.

Goed. -- Dan kan ek weer teruggaan na my bladsy 18 Hoof spesifiek, BEWYSSTUK ABD(4) vir my finale opsomming oor hierdie bande. In paragraaf 6. "Volgens my analise

... / van

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

van die bande kan ek geen aanduiding vind: (1) dat die opnames heropnames is nie; (2) dat die oorspronklike opnames op enige wyse na die tyd gewysig is nie; (3) dat daar op enige wyse met die opname gepeuter is nie. Hiervolgens is dit my deskundige mening dat die opnames oorspronklik en onveranderd is.

HOF : Ek wil u iets vra oor ABD(6)(v) en die ander wat u al behandel het en dié wat nog gaan kom. Daar is baie kommentaar wat u lewer so van tellermeting na tellermeting. Is dit uitsonderlik wat die bande betref wat u ondersoek het of is dit die soort ding wat in die algemeen maar op bande voorkom, dat daar klikgeluide is, die volume opgedraai, afgedraai, 'n kreukel hier en 'n kreukel daar voorkom? -- By die soort opnames wat, soos ek noem, in die veld gemaak is, mense wat met gewone toerusting en dikwels ou band opnames maak, is dit heeltemal 'n normale verskynsel. Later wanneer ek die analise beskryf van die bande vir die UDF Launch and Conference sal u sien dat dieselfde soort van probleme met daardie opnames plaasvind en dit is opnames waarop daar beslag gelê is en nie deur die SAP self gemaak is nie.

MNR. JACOBS : As ek net miskien daar iets kan by vra. Hoewel dit dan die normale dinge is wat u ondervind in sulke gevalle soos hierdie, is dit so dat u dit nogtans moet ondersoek om te kyk na die egtheid en ook te kyk vir enige wysigings wat aangebring word om vas te stel dat dit nie gebeur het nie? -- O, ja, dit is noodsaaklik om dit te ondersoek. My standpunt is gewoonlik dat hoe meer probleme daar op 'n opname is, hoe minder waarskynlik is dit dat daardie opname vervals kan wees en as ek so 'n bietjie verder kan borduur op daardie aspek. As 'n mens daaroor dink, as iemand 'n opname sou wou vervals, ek sê nie dat in enige van die gevalle

... / dit

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

dit gebeur het nie, ek praat nou in algemene terme,gestel iemand wil ŉ opname verander en hy wil peuter aan die opname, en sy eindresultaat het soveel probleme as wat hierdie bande deurgaans het, dan in so ŉ geval sal daar sonder enige twyfel tekens agtergebly het van die peutering aan die bande. Iemand wat ŉ band sodanig kan wysig dat dit nie daardie tyd opgespoor word nie, sal iemand wees wat so ŉ perfeksionis is dat hy net eenvoudig nie sal toelaat dat ŉ band met soveel probleme daar op uit sy hande gaan nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Met watter apparaat sal hy so ŉ verandering aanbring?-- Dit sou gesofistikeerde toerusting moes wees.

HOF : Wat bedoel u met gesofistikeerde toerusting? Is dit iets wat ŉ mens gewoonweg kan koop? -- In die goed wat ŉ mens gewoonweg kan koop, is daar verskeie masjiene waarmee ŉ mens veranderings kan maak aan ŉ bandopname, maar daardie veranderings, indien hulle enigsins van belang sou wees dit wil sê veranderings aan die spraak self, sal opgetel word deur my. Ek het geen twyfel daaromtrent nie,maar daar is maniere waarop ŉ mens wysigings kan maak in terme van weglatings uit ŉ band gedurende ŉ band opnameproses, wat moontlik nie deur my opgetel kan word nie, maar in so ŉ geval is die kans baie goed dat ek sal agterkom dat dit wel ŉ heropname is. Dit is slegs met die tipe toerusting wat in klankateljees gebruik word wat ŉ mens ŉ band sou kon verander dat dit nie maklik is om die veranderings waar te neemnie. As ŉ voorbeeld wil ek graag noem dat wanneer ŉ radiodrama opgeneem word, daar na die tyd verskeie stukke uitgesny word uit die band op plekke waar mense verkeerd praat of hulle woorde verkeerd uitspreek of eenof ander fout maak. In sulke gevalle word gehele sinne verwyder

... / en

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

en slegs dan sal dit vir die oor nie opvallend wees dat daar stukke verander is aan die opname nie, maar as daar slegs ŉ enkele woord byvoorbeeld uit ŉ sin verwyder word, is dit vir die geoefende oor gewoonlik maklik om daardie weglating op te tel en die waarneming daarvan word gedoen deur byvoorbeeld ŉ skielike verandering in toonhoogte. In hierdie opnames wat hier ter sprake is, was daar nie een enkele plek waar daar sulke onverwagte veranderings plaasgevind het nie.

MNR. JACOBS : Gaan hierdie toetse met die oor ook gepaard met die ondersoek daarna van enige afwykings wat u wel gevind het - ons noem dit maar afwykings - deur dit met die ossilloskoop te ondersoek.Kan u dan verder seker maak dat daar nie sulke veranderings is nie. -- Dit is korrek.

Kan ons voortgaan na die volgende deel van u getuienis. -- Die volgende deel wat bespreek word in BEWYSSTEK ABD(4) dit is op bladsy 19, dit is naamlik die Claremont vergadering en dit verwys na BEWYSSTUK 6 en die transkripsie V(6). Die analise daarvan is op BEWYSSTUK ABD(6)(vi). Uit ABD(4) lees ek op die bladsy gemerk hoofspesifiek bladsy 19. "Paragraaf 1. Vir hierdie vergadering is daar slegs een kassetband wat aan albei kante tot aan die einde opgeneem is. Paragraaf 2. Die band is volledig vergelyk met die transkripsie van die vergadering wat beskikbaar is." Daar by word natuurlik verwys na BEWYSSTUK V (6). "Daarvolgens is dit duidelik dat die transkripsie ŉ volledige en nagenoeg woordeliks korrekteweergawe is van alles wat op die opnames verskyn. Die kwaliteit van die opname wissel van redelik tot goed. Paragraaf 3. Die indeling van die kassetband op die transkripsie en die tydsduur van elke deel van die vergadering is as volg: Band 1 Kant 1: Bladsy 1 tot bladsy 14, 11 lyne van onder, tot net voor die plek waar

... / geskryf

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

geskryf is Tape 1 side 2. (Tydsduur naastenby 45 minute) Band 1 Kant 2: Bladsy 14,10 lyne van onder tot bladsy 27 (tydsduur naastenby 45 minute) NB Let op dat daar ŉ kort gaping van ŉ aantal sekondes sal bestaan tussen die dele aan die einde van kant 1 en die begin van kant 2, soos op bladsy 14, 10 lyne van onder.." Die minimum tyd wat daar kan wees tussen hierdie twee kante is ŉ paar sekondes, maar dit kan natuurlik meer wees ook, aangesien die bandopnemer gestop was en weer aan die gang gesit is. "4. My ondersoek van die bande het duidelik getoon dat behalwe vir die een geleentheid naby die begin van kant 1 van die band (teller 017 soos beskryf in paragraaf 6) die bandopnemer wat gebruik was vir die maak van die opname nie gestop was binne die opname van die vergadering wat op die band voorkom nie. Vanaf tellerlesing o17 vir kant 1 en in geheel vir kant 2 is die opnames ononderbroke. 5. Dis duidelik dat daar gedurende diemaak van hierdie opname tegniese probleme was. Die opname is gemaak met ŉ radio mikrofoon sisteem en daar is ŉ groot aantal plekke waar daar kort verdwynings van klank is as gevolg van ŉ verbreking in radioverbinding. Al hierdie klankverdwynings is momenteel (minder as ongeveer 2 sekondes ) en beïnvloed meestal nie die verstaanbaarheid van die spraak nie. Hierdie klankverdwynings is op die ossilloskoop ondersoek en daar kon duidelik vasgestel word dat hierdie verdwynings van die klank definitief nie toegeskryf kan word daaraan dat die opname onderbreek is nie (deur die STOP of die PAUSE knoppie te gebruik nie), maar slegs dat die klank na die opnemer tydelik verdwyn het as gevolg van swak verbindings. In die geheel gesien het hierdie verdwynings van die klank geen groot invloed op die verstaanbaarheid van wat gesê is nie. 6. Naby die begin van die

... / opname

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

opname op kant 1 is daar ʼn plek waar die bandopnemer duidelik afen weer aangeskakel as. Dit vind plaas tydens die heel begin van die toespraak van rev. Chikane. Dit is by tellerlesing 017 en is aan die begin van bladsy 1 lyn 1 waar die transkripsie begin." Die verwysing is natuurlik na V(6) op hierdie punt. "Voor hierdie puntis daar slegs agtergrondgeluide, pratery in die agtergrond en voetstappe.

7. Naby die einde van die opname op kant 2 kan gehoor word dat iemand naby die mikrofoon iets sê wat klink soos '... sorry ... I heard ...' en dan is daar iemand wat lag." Die stippeltjies dui aan waar daar iets gesê is wat nie verstaan kon word nie. "Kort hierna is daar ʼn sterk klikgeluid op die opname en direk hierna word die opname baie sag tot aan die einde. Dit is te sag om te kan neerskryf, maar dit klink asof dit moontlik nog altyd iemand in die saal is wat aankondigings doen vir ʼn ruk lank. Hierdie deel duur 5 minute 21 sekondes en hou aan tot by die einde van die band. Skynbaar het daar tegniese probleme ontstaan op hierdie punt en kon die laaste punt nie goed opgeneem word nie. Dit gebeur by tellerlesing 646 en vind plaas na Boesak klaar gepraat het. " Ek verwys nou eers na my analise, BEWYSSTUK ABD(6)(vi). Daar wil ek graag ʼn paar dinge beter verduidelik. Op die eerste bladsy kant 1 by tellerlesing 017 "Bandopnemer aan en af geskakel. Direk hierna begin die opname gedurende die toespraak van ref. Chikane soos op bladsy 1." Dit is die punt wat reeds genoem is waar daar aan en af skakeling in die opname is naby die begin van die begin.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Dit is net na hy begin het, nie waar nie?-- Die - waar hy begin opneem is hy klaar besig om te praat. ʼn Mens weet nie hoe lank hy al gepraat het nie. Dit is korrek.

... / Dan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Dan word hy weer gebreek 'n sin later of hoe? -- Nee, nie in hierdie een nie. Daar is wel kort daarna 'n radio-mikrofoon-onderbreking, maar nie 'n aan/af skakeling van die bandopnemer nie. Die volgende tellerlesing waaroor ek iets wil sê is by 081. "Lae frekwensie dip in woord "chosen". Waarskynlik verbinderprobleme." Ek kan net verduidelik dat op die ossilloskoop is daar 'n effense sprong in die klank gedurende die woord "chosen". Deur die oor word dit gehoor as 'n effense snaaksigheid in die klank met 'n effense klikgeluid daarby en die verduideliking daarvan is dat dit 'n verbinder probleem is, Die volgende een is tellerlesing 101. "Kort verdwyning van klank. R/m onderbreking 40 millisekondes. (Voor hierdie kort verdwyning was daar aanduidings van ander baie kort r/m steurings maar wat nie verstaanbaarheid van die woorde as sodanig beïnvloed nie.)"Hierdie een verdwyning van klank was reeds baie kort, naamlik slegs 40 millisekondes en voor dit was daar 'n aantal wat nog heelwat korter is. Die effek daarvan is eintlik maar net om 'n growwigheid op die klank te veroorsaak, maar die spraak kan nog altyd verstaan word. Dan is daar 'n klomp voorbeelde van radio-mikrofoon onderbrekings. By punt 377 of tellerlesing 377 staan daar "Klikgeluid op klank op ossilloskoop ondersoek." Dit is weer eens net 'n geval van'n addisionele klank wat deur die mikrofoon opgetel is. Op die volgende bladsy by tellerlesing 658 is daar geskryf "Kort verdwyning van klank, 188 millisekondes tydens 'mingling of crowd'." Daar is 'n paar sulke radio-mikrofoon-onderbrekings wat voorkom tydens wat hier beskryf is as "mingling of crowd." Ek gebruik daardie woorde hier omdat dit die woorde is wat ook deur die transkribeerder gebruik is in <u>BEWYSSTUK V(6)</u> op daardie betrokke plek en dit beteken

... / net

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

net dat op daardie stadium was daar nie iemand besig met ŉ toespraak nie. Die gehoor was net besig om onderling met mekaar te gesels. Dan ŉ entjie verder aan tellerlesing 703 "Sprong in sein ongeveer 36 millisekondes lank tydens sang. Waarskynlik kontak probleem." Dit is ŉ soortgelyke sprong in sein as wat op die vorige bladsy beskryf is as lae frekwensie in die woord "chosen", by die tellerlesing 081. Verder aan op die bladsy onder kant 2 by tellerlesing 096 staan daar "Mmm geluid opgeneem, waarskynlik van iemand in saal naby r/m." Ek wil net sê dat die m-m wat daar geskryf is, dui aan die Mm klank van iemand wat naby die persoon was die mikrofoon gedra het. ŉ Entjie verder aan aan hierdie kant vanaf tellerlesing 261 en dan ook 302 en 370 is daar ŉ paar plekke waar daar by staan klikgeluid op klank of kort klikgeluid op klank. Dit is ŉ hele paar plekke redelik naby mekaar waar daar sulke klikgeluide was, waar iemand skynbaar teen die mikrofoon stamp. Ek het die indruk gekry dat die spreker papiere voor hom vashou en dat die papiere kort-kort teen die mikrofoon stamp terwyl hy besig is om te praat. Dan is daar op daardie bladsy weer ŉ hele lang lys van radio/mikrofoon onderbrekings met die tye wat die klank verdwyn het en die volgende bladsy Analise bladsy 21 daar is die punt soos beskryf in die teks by 64, tellerlesing 646 waar iemand naby die mikrofoon sê "... sorry ... I heard ..." en iemand wat dan lag daarna.

HOF : Maar dit is nadat die toespraak klaaris? -- Dit is nadat die toespraak klaar is, ja, want die vorige tellerlesing 643, by 643 is daar ŉ kort verdwyning van klank, radio/mikrofoon onderbrekings 76 millisekondes, 48 millisekondes, 20 millisekondes. Dit vind plaas in applous na

... / Boesak

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Boesak se toespraak. Hierna skreeu die gehoor "Boesak". Ek dink hulle skreeu dit 'n hele paar keer.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Dit is nie op die transkripsie nie, nè? -- Die Boesak skreeuery?

Ja? -- Ek het 'n idee dat dit is.

HOF : Daar staan "clapping". -- Dit is korrek.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : 646 en 643 kom nie hier voor nie. -- Ja. Die reaksie van die gehoor wat "Boesak"skreeu is nie hier in nie. Dit is heeltemal korrek. Die woorde "... sorry ... I heard ..." kan 'n mens duidelik hoor is baie naby die mikrofoon en die transkribeerder sou dus duidelik bewus gewees het daarvan dat dit nie deel is van enige spreker van die verhoog af nie. In hierdie laaste stukkie wat natuurlik sag word, soos beskryf vanaf 647, het daar skynbaar iets verkeerd gegaan met die radio/mikrofoonsisteem en die hele res van die opname tot aan die einde waar die band afgeskakel was, het so sag deurgekom.

MNR. JACOBS : Kan so iets veroorsaak word as iemand wegdraai van die gehoor af waar gepraat word met die mikrofoon? -- Kan u dit net weer herhaal?

Kan daardie sag word verduidelik word of kan dit moontlik wees dat die persoon wat die mikrofoon, die radio/mikrofoon dra wegdraai van die gehoor?

HOF : Van die gehoor of van die sprekers?

MNR. JACOBS : Die verhoog waar die sprekers is? -- Wel, ek kan my indink dat as 'n persoon sy lyf sou draai, mens kan byvoorbeeld dink dat op die stadium waar hy sê "... sorry ... I heard ..." en iemand lag miskien het hy gepraat met iemand langs hom, sy lyf gedraai en dit is moontlik dat in daardie draaibeweging van sy lyf hy dalk teen iets gedruk het of die radio/mikrofoon gedruk het of dat daar

... / as

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

as gevolg van daardie beweging iets verkeerd gegaanhet, want dit is net op daardie tydstip waar daardie klikgeluid plaasvind en skielik na die klikgeluid is dinge anders. So, saam met die klikgeluid moes iets gebeur het.

In die analise van die Claremont, die twee kante van daardie band, kassetband het u u bevindings dan genotuleer chronologies genotuleer soos op ABD(6)(vi)? -- Dit is korrek.

Bied dit 'n korrekte weergawe van die analise van die band? -- Dit is korrek.

U bevestig dit en handig dit in as BEWYSSTUK ABD(6)(vi)? -- Dit is korrek.

Dan bly daar nog oor paragraaf 8 bladsy 20 van u konklusie op ABD(4). -- Op ABD(4) bladsy 20 die laaste paragraaf, paragraaf 8 my finale bevinding. "Volgens my analise van die bande kan ek geen aanduiding vind : (1) dat die opnames heropnames is nie; (2) dat die oorspronklike opnames op enige wyse na die tyd gewysig is nie: (3) dat daar op enige wyse met die opname gepeuter is nie. Hiervolgens is dit my deskundige mening dat die opnames oospronklik en onveranderd is.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Kolonel, net voor ons afstap van ABD(4) ek het dit nagelaat. U bevestig dit en handig dit in as BEWYSSTUK ABD (4)? -- Dit is korrek.

Kan ons dan oorgaan na die volgende aspek van u getuienis toe. Dit het betrekking op BEWYSSTUKKE ABD(5) en ABD(6)(i). -- BEWYSSTUK ABD(5) handel in geheel oor die bande waarop beslag gelê is soos ek verstaan, naamlik die UDF Launch and Conference bande wat op my analise

... / ABD

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ABD(6)(i) ook beskryf is as die UDF Launch and Conference bande maar op BEWYSSTUK ABD(1) word daarna verwys as die UDF Launch and Rally bande. Een probleem wat kan ontstaan tydens die bespreking van die getuienis van my en waarop gelet sal moet word is die feit dat die bewysstuknommers nie mooi saamloop met my bandnommers. Die bewysstukke betrokke by hierdie vergadering is BEWYSSTUKKE 1(1) tot BEWYSSTUKKE 1(7) en dan die transkripsies V(1) en V(26). Die bande wat ek aangedui het wat ek gemerk het as bande 1 tot 4 is vir hierdie hofsaak se bewysstukke, die BEWYSSTUKKE 1(4) tot1(7) en dan die bande wat ek gemerk het as bande5, 6 en 7 is respektiewelik BEWYSSTUKKE 1(1), 1(2) en 1(3). Ek sal poog gedurende my getuienis om kort-kort te verwys na die korrekte bewysstuknommer. Op die eerste bladsy van BEWYSSTUK ABD(5) is daar reeds byskrifte gemaak by my bandnommers ten einde hulle in verband te bring met die bewysstuknommers in hierdie saak. Ek begin dan lees bo aan die eerste bladsy van BEWYSSTUK ABD(5) paragraaf 1. "Vir hierdie twee vergaderings saam is daar sewe kasset-bande. Behalwe band 4 dit wil sê BEWYSSTUK 1(7) wat net aan die een kant opgeneem is is al die ander almal aan altwee kante opgeneem. Bande 1 tot 4 dit wil sê BEWYSSTUKKE 1(4) tot 1(7) is hoofsaaklik vir die UDF Launch en bande 5 tot 7 dit wil sê BEWYSSTUKKE 1(1) tot 1(3) is vir die UDF Conve-rende (behalwe vir sommige dele wat duplikate is van sommige ander). Paragraaf 2. Die bande is volledig vergelyk met die transkripsie van die vergadering wat beskikbaar is. BEWYSSTUKKE V(1) en V(26). Daarvolgens is dit duidelik dat die transkripsie 'n volledige nagenoeg woorde-liks korrekte weergawe is vir alles wat op die opnames veskyn Die kwaliteit van die opname wissel van redelik tot

... / goed

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

goed. Paragraaf 3. Die indeling van die kassetbande op die transkripsie en die tydsduur van elke deel van die vergadering se opname is as volg: Dan is daar ʼn hele lys onder die opskrifte Launch en Conference van die bande met hulle kantnommers.

HOF : Ons het dit. U kan dit maar as gelees bekou. Daarteenoor is ook aangeteken wat die huidige bewysstuknommers is. -- Dit is korrek, maar ek dink dit sal tog nuttig wees om saam met die Hof deur te gaan deur die transkripsie om net die plekke aan te dui soos ek dit hier gemerk het waar daar die oorgange is in die bande..

Dit is aangedui op bladsy 12, die eerste een. -- Dit lyk vir my hulle is almal aangedui.

Bladsy 23 is dit aangedui. Ons kan aanvaar dat dit aangedui is, behalwe as u vir ons iets anders het. -- Daar is later ander aspekte wat ek vir die Hof sal uitwys, maar ek dink hierdie kan ons dan so los. Ek gaan voort op die volgende bladsy vanBEWYSSTUK ABD(5) paragraaf 4. "Op ʼn aantal plekke is gevind dat daar ʼn kort stukkie opname bo-oor die oorspronklike geplaas is. Al hierdie plekkies bestaan uit aankondigings wat deur (wat klink soos) ʼn vrouestem gemaak is in verband met die opnames. Sulke plekke is gevind by die volgende punte - ek kan net noem dat in my analise word in een deel sulke aankondigings beskryf as ʼn "slate". Dit is ʼn Engelse terme wat gebruik word om aan te dui dat daar ʼn aankondiging is oor wat die inhoud van die betrokke opname is. Hier sal dit nuttig wees om net saam met die Hof die punte deur te gaan. Bl Kl my teller 004 transkripsie 1 bladsy 1 tweede lyn van bo.

Is al die "slates" ʼn vroue stem of net hierdie een? -- Dit is almal dieselfde vrouestem. Op bladsy 1 op die

... / tweede

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

tweede lyn, dit is nou van BEWYSSTUK V(1) staan daar "Opening National Launching of the UDF August, 20th 1983." Dit is duidelik iets wat na die maak van die oorspronklike opname bo-oor die band geplaas is.

Dit het dus die plek geneem van iets wat gesê was? -- Dit is korrek.

Wat dan uitgevee is in die proses? -- Dit is korrek. Die volgende plek is ook B1 K1 my teller 204 transkripsie 1 bladsy 5 ses lyne van onder.

Daar staan "Women speaker." -- Dit is korrek.

Dit moet seker woman speaker wees? -- Daardie gedeelte waar daar staan woman speaker, testing 1, 2, 3 launching rally of the United Democratic Front. Daardie stukkie is ingevoeg na die tyd. Dit was dus nie deel van die vergadering nie.

En dan wanneer daar onder staan "speaker", dit is nie dieselfde een nie? Dit is iemand anders, nè? -- Dit is weer iemand anders. Op daardie punt gebeur daar ook iets wat ek later sal verduidelik. Voor hierdie punt op hierdie band en na die punt op hierdie band is heeltemal verskillende dele van die vergadering. Die volgende plek van opname bo-oor 'n vorige is B3 K1 my teller 421 transkripsie 1 - by transkripsie 1 bedoel ek dan BEWYSSTUK V(1) bladsy 55 agt lyne van onder.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Sal die "toets - toets" ook as 'n "slate" bekendstaan? -- Eintlik is dit nie korrek nie, want 'n "slate" is veronderstel om iets te sê omtrent die inhoud van die band. So, dit is dieselfde vrou, maar dit is - daar word nie in hierdie geval gesê dit is nou - iets te doen met die "launch" nie.

HOF: Behalwe as dit 'n ander terme het moet ons maar by die

... / woord

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

woord "slate" bly, want die indruk word nou in die transkripsie geskep dat dit iemand is wat gelyktydig op die vergadering praat en die mikrofoon daar toets en dit is nie wat die geval is nie? -- Dit is nie wat die geval is nie, nee. Die laaste van hierdie is B5 K2 my teller 008 transkripsie 2, dit wil sê BEWYSSTUK V(26) bladsy 23. Dit is onder die opskrif "Unknown woman" wat sê "Opening National launching of UDF August,20th, 1983." Ek sal die Hof later daarop wys dat hierdie is presies dieselfde as die eerste wat ons na gekyk het. Dit is naamlik so dat daar is een stuk band wat ŉ heropname is van ŉ stukkie band. Hierdie en die ander waarna ons gekyk het, is dus duplikate van mekaar. Paragraaf 5. "Daar is verskeie plekke gevind waar die bandopnemer wat gebruik was vir die opname afgeskakel en na ŉ onbekende tydsduur weer aangeskakel is. Sulke plekke is gevind by die volgende punte." Miskien is dit tog nuttig om saam met die Hof hier deur te gaan.

Tensy dit in die transkripsie is. Dit wil voorkom asof dit miskien nie is nie.--Ek dink daar is verskeie van hulle wat nie in die transkripsie is nie.

Dan moet u dit asseblief met ons deurgaan. -- Die eerste is, vergeet van my tellerlesing, ons kyk net na die bladsynommer. Transkripsie 1, dit wil sê BEWYSSTUK V(1) bladsy 6 nege lyne van bo. Net voor daardie punt op bladsy 6 waar daar staan aan die linkerkant die lesing 226 is "slogan" onderstreep en dan "Mbuya Afrika". Net bokant daardie punt was die opnemer af en weer aangeskakel. Daar is dus ŉ onbekende tydsverloop in die dele voor dit en die dele na dit. Die volgende is op bladsy 10 agt lyne van bo.

Is dit nie ŉ "slate" nie? -- Nee, hierdie woord female is verkeerd. Dit is "male speaker". Dit is iemand

... / binne-in

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

binne-in die saal wat werklik die mikrofoon toets in hierdie geval, maar net na hierdie punt waar daar geskryf is "1 - 2 - 3 - 4" is die onderbreking in die opname waar hy aan en afgeskakel was. Die volgende is op bladsy 13 sewentien lyne van bo. Die sinnetjie lees "Sorry, I forgot one more patron. I apologise" en dan in hakies (tape distortion). Dit is op die "tape distortion" waar die bandopnemer aan en afgeskakel was. Die volgende is bladsy 23 veertien lyne van bo. Dit is kort na die begin van die van hierdie betrokke band. Daar is geskryf "Comrades here I am going to call the Trade Unionist who was detained Simon Ndou to come forward." Dan is daar applous "clapping" en dan net daarna. Skynbaar is dit terwyl gewag word vir die persoon om verhoog toe te kom. Dan is daar 'n onderbreking in die opname waar die opnemer aan en afskakel is. Die volgende is op bladsy 31 twaalf lyne van onder. By hierdie punt is dit aangedui as "break in the recording." Die volgende is op bladsy 46. Daar is 'n deel wat onduidelik is en wat baie deurmekaar is. So dit is iewers in die boonste ongeveer een-derde van die bladsy waar daar 'n af en 'naanskakeling is. Die volgende is op bladsy 47 sewentien lyne van bo waar dit aangedui is as "break in recording." Dan die volgende op bladsy 61 veertien lyne van bo. Daar is daar ook "break in recording" vir 'n kort rukkie voor "end of recording". Dan op bladsy 65 vyf lyne van bo. Hierdie is weer nie aangedui nie. Dit kom net na die woorde van iemand wat sê "May I have nominations from the Western Cape." Dan is die bandmasjien af en aangeskakel. Die volgende is op blasy 71 aan die onderkant. Dit is gedurende die "noise" wat aangedui is net voor die "interruption."

Is die "interruption" nie juis die onderbreking nie?

... / Ek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Ek dink dit is eerder korrek. Waarskynlik is die "interruption" daar ook die aanduiding van die af en aanskakeling. Die volgende is op die ander transkripsie BEWYSSTUK V(26) bladsy 49. Dit is net onderkant die middel van die bladsy waar daar "interruption" aangedui is. Dit is sover ek kon agterkom daardie een wat daar aangedui word, die af/aan skakeling. Dan bladsy 68 in die laaste lyn.

Die heel laaste reël? -- Dit is in die laaste reël en dit is om die waarheid te sê tussen die woorde "to cover" en "we are having problems". So, "we are having problems" is nie deel van daardie selfde vorige sin nie. Tussen daardie twee punte is daar ʼn af en aanskakeling. Die volgende is op bladsy 88 in die middel. Dit is nie aangedui nie, maar dit is net na - daar staan "unknown speaker 'Mr Chairman, sorry to disturb you again, but of that I think that the regions had actually made nominations" en dan net daarna. Dan op bladsy 97 aan die onderkant heel aan die einde van die toespraak en gedurende die "noise of crowd" wat die masjien ʼn slag af en weer aangesit word. Op hierdie punt affekteer dit die opname van die gesprek eintlik geensins nie. Ek lees voort van paragraaf 6. "Dis duidelik dat daar gedurende die maak van hierdie opname ook sekere tegniese probleme was. Daar is plekke waar die klank vir tydjies heeltemal verdwyn, skynbaar omdat die mikrofoon afgeskakel was of vir redes soos verbindingsprobleme. Hierdie onderbrekings (waarvan daar nie baie is nie) duur gewoonlik meer as 2 sekondes en daar gaan stukkies van die pratery verlore op hierdie punte." Voor ek verder lees wil ek net aan die Hof kortliks verduidelik. Daaris drie stukke gevind uit hierdie groep bande waar daar duplisering is van ander dele van die bande. In twee van die gevalle

... / is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

is die geduplisseerde deel 'n heropname van 'n ander deel en in een geval is dit'n geval van waar twee aparte opnames gemaak was tydens die vergadering. Die deel wat ek nou sal bespreek is die deel waar daar opnames gemaak was met twee verskillende bandopnemers. Ek lees dan weer uit ABD(5) vanaf paragraaf 7 dit wil sê op bladsy 3. "Die opname op band 2 kant 1 dupliseer'n sekere deel van wat op band 1 kant 2 verskyn, soos vanaf bladsy 16 van die transkripsie(en die transkripsie waarna hier verwys word is dan V(1)) tot bladsy 23, die einde van band 1 kant 2. Hierdie twee bandkante dek nie presies dieselfde dele van die vergadering nie, al is daar dele wat wel ooreenstem." Ek wil graag op hierdie stadium sê dat wanneer ek praat van 'n bandkant dan verwys ek spesifiek na net een kant van die opname op een van die kassetbande.

Dus waar ons nou kry dat van bladsy 16 tot 23 alles weer herhaal word vanaf bladsy 24 op die transkripsie tot bladsy 29 van die transkripsie, is dit nie 'n fout van die transkribeerder nie, maar is dit inderdaad twee bande wat gespeel is? -- Ja, dit is inderdaad die inligting soos vervat op hierdie kassetbande, die bewysstukke in hierdie saak en in dié geval is dit vir my duidelik dat daar met twee bandopnemers op verskillende plekke in die saal opnames gemaak is en die twee opnames het nie dieselfde dele van die vergadering gedek nie, nr. 1. Hulle was duidelik nie op dieselfde plek in die saal nie. Skynbaar is hulle altwee gebruik om meer volledige weergawe van die vergadering te kry as wat enigeen apart dit sou kon doen. Ek lees verder "Dit is vasgestel dat hierdie twee bandkante nie die een 'n heropname van die ander is nie, maar dat hierdie twee aparte opnames is wat met twee aparte mikrofone en twee

... / aparte

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

aparte bandmasjiene gemaak is. Ossilloskoop analises het getoon dat daar nie 'n presiese ooreenstemming tussen hierdie twee bandkante is nie. Twee ossilloskoopfoto's wat geneem is van dieselfde stukkie teks wat op albei bandkante voorkom toon duidelike verskille tussen geraas van die gehoor en 'n persoon se spraak. Hierdie twee foto's word op die volgende bladsy vertoon en is gemerk UDF Launch/Conference foto 1 en 2. In albei hierdie gevalle is daar vir die eerste derde (ongeveer) van die foto slegs rasery gehoor en dan volg daar 'n harde skreeu van die woorde UDF deur 'n spreker uit die gehoor. In die een geval is die spreker se stem ongeveer net so hard as die gehoor se geraas. In die ander geval is die gehoor se geraas heelwat sagter as die spreker se stem. Dit dui aan dat twee mikrofone gebruik is wat op verskillende plekke in die saal was. Hierdie aspek, tesame met die feit dat die twee bandkante nie presies dieselfde deel van die vergadering dek nie, lei tot die gevolgtrekking dat die een bandkant nie 'n heropname van die ander is nie, maar dat dit twee aparte opnames is." Op die volgende bladsy waar die foto's is is daar by die boonste foto by geskryf bladsy 22. Indien dit nie duidelik uitgekom het nie, kan u dit miskien net duideliker maak. Dit verwys na die transkripsie <u>BEWYSSTUK V(1)</u> se bladsy 22 en dan die onderste foto verwys na bladsy 29. Ek sal graag net op daardie bladsye vir u wil wys waar die plek is waar die plek is waar die foto geneem is. Naby die onderkant van die bladsy is daar 'n plek op bladsy 22 waar daar staan "crowd" en in hakies "clapping and shouting". Daarna word daar UDF geskreeu 'n aantal kere. Wat hier gebeur, na die toespraak is daar algemene applous en dan skielik iemand uit die gehoor wat baie hard skreeu UDF en hy doen dit 'n paar

... / keer

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

keer en hierdie foto is 'n deel van die eerste UDF wat geskreeu is en dit word voorafgegaan deur 'n klein stukkie van die applous of geraas van die skare. Dit is dus nie 'n spreker van die verhoog af se stem nie, maar uit die saal uit. Daar kan duidelik gesien word dat die foto's verskil taamlik baie. Dit dui duidelik daarop dat die opnames nie heropnames van mekaar kan wees nie, maar dat hulle met verskillende mikrofone en dus verskillende bandmasjiene opgeneem moes gewees het. Die ooreenstemmende plek op bladsy 29 is op die ooreenstemmende plek op die bladsy. Ek gaan nou verder met paragraaf 8 op bladsy 5 van BEWYSSTUK ABD(5). "Daar is gevind dat band 7 kant 2 'n duplisering is van band 4 kant 1 en dit kon vasgestel word dat hierdie 'n heropname is van band 4 kant 1." Ek wil net verduidelik dat dit beteken dat daar op die twee transkripsies V(1) en V(26) is dele wat ooreenstem wat lyk asof daardie deel in elk van die vergaderings voorgekom het wat natuurlik dan nie korrek is nie. Die laaste deel van band 7 kant 2 , dit is ingeskryf op bladsye 84 tot 97 van V(26). Die inligting daarvan kom uit die eerste bladsy van my ABD(5) waar die bandkante en die bladsye waar dit voorkom beskryf is. Dit beteken dat daardie bladsye 84 tot 97 van V(26) dieselfde is as bladsye 61 tot 71 van V(1). Dit was wel moontlik om vas te stel dat band 4 kant 1 en dat band 7 kant 2 heropnames was van band 4 kant 1.

Laat ons dit nou net in die vorm van bewysstuknommers gee. Watter een is die oorspronklike? -- Dit wil sê dat die oorspronklike is BEWYSSTUK (1)(vii) se kant 1 en die heropname is op BEWYSSTUK (1)(iii) kant 2. Die tegeniese bewys en verduideliking van waarom daar gesê kan word dat hierdie band 7 dit wil sê BEWYSSTUK (1)(ii) die heropname

... / is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

is, is ŉ taamlike lang ding en dit begin op bladsy 5 van die UDF Launch/Conference se beskrywing van ABD(5). Ek lees nou verder vanaf die derde lyn van paragraaf 8. "Gewoonlik word ŉ heropname gemaak deurdat die bandmasjien waarop die opname gemaak word eers aangeskakel word en dan die bandmasjien waarvandaan die opname gemaak word. Hierdie tipiese handeling kan gewoonlik waargeneem word in terme van die verskille in ruisvlakke wat na die tyd vanaf die heropname band gehoor kan word. Op band 7 kant 2 word gevind dat die ruisvlak aan die begin van die band het ŉ redelike lae waarde waarskynlik skoon band" en daarby word bedoel band wat nog nooit voorheen gebruik was nie. "Dan neem dit skielik aansien toe en bly vir ŉ rukkie op hierdie waarde. ŉ Rukkie later neem dit nog ŉ bietjie toe en dan begin die opname van die spraaksein op die band. Die eerste deel met lae ruis sou beteken dat die band met die hand of op ŉ ander manier aangedraai was voordat die opnemer aangeskakel is. Dit verteenwoordig skoon band. Die eerste toename in ruis is te wyte daaraan dat die opnemende bandmasjien op hierdie punt aangeskakel is. Wanneer daar enige sein of selfs stilte opgeneem word op skoon band, is die uiteindelike ruiswaarde heelwat hoër as vir skoonband waarop daar nog nooit iets opgeneem is nie. Die tweede toename in ruis kan toegeskryf word aan die aanskakeling van die spelende bandopnemer. Hierdie tweede toename in ruis word gevolg deur die klank wat vanaf die spelende bandmasjien kom. Hierdie dubbele toename in ruis voordat die klank begin is ŉ sterk aanduiding dat daar ŉ heropname proses was. Die manier waarop die ruis in twee spronge toeneem, soos hierbo beskryf, kanduidelik gesien word op ŉ ossilloskoop-foto wat van daardie deel van die band geneem is. Dit is

... / gemerk

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gemerk UDF Launch/Conference foto 1." Hierdie foto verskyn op die volgende bladsy. Miskien kan net daarna gekyk word voordat daardie deel van die teks verder gelees word. Die byskrif sê "Ossilloskoopfoto van dubbele toename in ruis aan die begin van band 7 kant 2. Die totale tyd op hierdie is 2 sekondes. Die ruis neem toe op die twee plekke wat met pyltjies aangedui is." Deur net daarna te kyk behoort dit vir enigeen duidelik te wees dat daar op die punte soos aangedui wel toename is in die ruisvlak.. Ek lees voort uit die teks op die vorige bladsy. "Ten einde lastige lae frekwensie brom uit te skakel is die ruis wat op die ossilloskoop vertoon is eers gefilter om alle komponente onder 600 Hz uit te skakel. Foto 3 toon aan die linkerkant die eerste deel van die band met lae ruis (skoon band). Die twee toenames in ruis word met pyltjies aangedui. Ongeveer 2 sentimeter vanaf die linkerkant is daar 'n duidelike toename in ruis waar die opnemende bandopnemer aangeskakel word en ongeveer 5 sentimeters verder (2,5 sentimeters vanaf regterkant) is daar 'n verdere toename in ruis waarneembaar waar die spelende bandmasjien begin loop. Die deel waar die spraak begin volg later en is nie op die foto sigbaar nie. Die foto verteenwoordig ongeveer 2 sekondes van die opname op die band." Ek vervolg op bladsy 7. "'n Verdere bewys daarvan dat band 7 kant 2 'n heropname is van band 4 volg daaruit dat die spraak op band 7 kant 2 op die ossilloskoop presies dieselfde as dié op band 4 kantl is. Twee ossilloskoopfoto's wat van ooreenstemmende plekke op die twee bandkante geneem is, dui hierdie ooreenkoms baie duidelik aan en is gemerk UDF Launch /Conference foto 4 en5. Die twee foto's is albei van dieselfde woord naamlik'Mandela' gevolg deur 'n stukkie



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

applous. Vanaf band 4 kant 1 kom hierdie deel voor op bladsy 63 reël 13 van onder in die transkripsie van die Launch (dit wil sê V(1)) en vanaf band 7 kant 2 kom hierdie deel voor op bladsy 86 reël 8 van bo in die transkripsie van die Conference." Op bladsy 63 is daar net onderkant die middel 'n plek onderstreep daar. Daar is "speaker" onderstreep en dan die woorde "The first of the patronts which has been unanimously agreed to by all the regions is Nelson Mandela" en dan "clapping". Dit is daardie "Mandela"en dan die eerste deel van "clapping" en dan op BEWYSSTUK V(26) bladsy 86 is dit die soortgelyke plek die tweede lyn onderkant die opskrif "chairman. " The first of the patronts which has been unanimously agreed to by all the regions thusfar is Nelson Mandela" en dan "applause." Daardie "Mandela" en daardie "applause". "In die vergelyking op 'n ossilloskoop van 'n oorspronklike klanksein en 'n heropname daarvan is daar altyd klein verskilletjies. Die verskille is onder andere te wyte aan fase verskuiwings wat 'n mens kry met 'n kompleks sein wat bestaan uit hoë en lae frekwensies. Die hoë frekwensies en lae frekwensies kan mekaar dus versterk of verswak afhangende van die fase daarom is die vertoning op die ossilloskoop en dus die foto's daarvan nie presies dieselfde in albei gevalle nie. Wat egter wel baie goed ooreenstem tussen hierdie foto's is die omhullende van die sein.

Bedoel u daarmee die buitelyne? -- Ja, ek beskryf dit hier "Die omhullende is 'n lyn wat al die boonste wit toppe met mekaar verbind, tesame met 'n soortgelyke lyn wat al die onder wit toppe met mekaar verbind. " Dit is dus die buitelyne." As die foto's met mekaar vergelyk word, op die volgende bladsy, kan u duidelik sien die buitelyne vorm 'n

... / baie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

baie goeie ooreenstemming. Dit is geheel anders as die foto's ŉ paar bladsye gelede, die foto 1 en foto 2 van UDF Launch/Conference waar daar net eenvoudig geen opvallende ooreenkomste was tussen die twee foto's nie. Hierdie tipe van bykans perfekte ooreenstemming sal duidelik aandui dat dit ŉ heropname proses is. "Die grootste amplitude, dit wil sê die sein wat die grootste vertoon op die foto kom byvoorbeeld op albei foto's ongeveer 2 sentimeters vanaf die linkerkant voor, ensovoorts. Hierdie goeie ooreenstemming dui aan dat die klank vir albei hierdie opnames vanaf dieselfde bron kom, dit wil sê vanaf dieselfde mikrofoon. Hierdie aspek tesame met die dubbele toename in ruis hierbo genoem dui daarop dat band 7 kant 2 ŉ heropname is van band 4 kant 1. Onthou dat in vergelyking van band 2 kant 1 en band 1 kant 2, wat ook in dele dieselfde spraak bevat, kon aangetoon word dat dit met verskillende mikrofone opgeneem was. In daardie geval was die omhullendes van die twee ossilloskoop vertonings glad nie dieselfde nie."
Ek lees verder op bladsy 9 van BEWYSSTUK ABD(5) paragraaf 9. "Daar is verder ook vasgestel dat die eerste deel van band 1 kant 1 ŉ heropname is van die eerste deel van band 5 kant 2. Dit lyk dus asof die eerste deel van band 1 kant 1, tot by my tellerlesing 294 en in die transkripsie van die Launch vanaf bladsy 1 tot bladsy 5, ses lyne van onder." Daar het ŉ stukkie weggeraak uit die teks uit op dié punt. Aan die einde van die sin wat ek so pas gelees het op bladsy 5 ses lyne van onder moet ingevoeg word "deel is van die conference". Met ander woorde hierdie opname verskyn op die bande wat andersins skyn die UDF Launch te wees, maar hierdie stukkie opname kom in werklikheid uit die deel van die vergadering wat as die Conference bekend gestaan

... / het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

het. "Op band 1 kant 1 is daar op hierdie punt ʼn onderbreking in die opname" Miskien is dit goed om nou te blaai na die betrokke bladsy op BEWYSSTUK V(1), dit wil sê bladsy 5, 6 lyne van onder.

Waar u gesê het daar"slate" is? -- Dit is korrek. Waar die vroue stem sê "Testing 1 - 2 - 3 launching rally of the United Democratic Front." Van net voor daardie woorde van die vrou is die opname skynbaar wel van die launch.

Dus tot by "woman speaker" is dit nou "launch"? -- Soos ek dit verstaan tot by "woman speaker"is dit "conference." Van daar af, ek is net nie heeltemal seker of dit is op die punt voordat die vrou praat nie of na die vrou praat nie. Daar is nie ʼn manier om dit uit te werk nie. Dit is net òf voor sy praat òf na sy praat waar dit die deel is wat van die "launch" is. In ieder geval sekerlik waar daar geskrywe staan "speaker" en dan "Appeal to" ensovoorts dat dit dan wel deel van die "launch" moet wees.

Moet dié deel dan, die eerste vyf bladsye, aangevoeg word by V(26) streng gesproke? -- Dit is korrek.

Of nie? -- Nee, dit is reeds op.

Dit is reeds in V(26) weergegee? -- Dit is reeds in V(26) weergegee,

Watter bladsye? -- Dit is vanaf bladsy 23 van V(26) ... (Hof kom tussenbei)

Ek wonder of dit reg is, want op bladsy 1 van V(1) staan "Opening national launching of the UDF". -- U sien daardie stukkie wat u nou na verwys, die "slate" daar is presies dieselfde as dit wat op band 1 kant 1 verskyn.

So, die "slate" is op bladsy 23 van V(26) presies dieselfde as op bladsy 1 van V(1)? -- Dit is korrek. En daardie eerste deel van daardie spraak is dieselfde.

... / Ek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ek sien ek het nie aangedui tot waar die - presies waar dit dieselfde is nie. Ek het nou die deel tot waar dit gaan.

K401 Dit is vanaf bladsy 23 tot aan die onderkant van bladsy 28 van BEWYSSTUK V(26) heel aan die onderkant. Die laaste woorde wat ooreenstem is die woorde "So we would like to appeal for co-operation from the press." Op hierdie punt gaan band 5 onverpoosd voort. Daar is geen onderbreking, geen aankondiging nie, nie af/aan skakeling nie, terwyl - dit wil sê op transkripsie V(26) bladsy 28 onder. Daarvandaan gaan dit aan na die volgende bladsy, maar op band 1 (10) kant 1, dit wil sê dan BEWYSSTUK(1)(iv) en die transkripsie V(1) bladsy 5 aan die onderkant, daar is daar wel die deel waar daar 'n stukkie opname bo-oor 'n vorige opname is. Die stukkie "slate" op daardie punt en daar is afgesien van die "slate"duidelik vir my ook'n af/aan skakeling daarso. In die laaste paragraaf op enige van die twee transkripsies net voor daardie punt sê die "chairman" ook "Thank you, very much, Frank, I think that is a very, very encouraging note to start this conference." Hy kon 'n fout gemaak het en gesê het "conference" terwyl hy bedoel het die "launch"(20) maar van verwysing na "conference" op daardie plek tesame met die feit dat hierdie spesifieke band deurloop sonder enige verandering, dui vir my daarop dat daardie gedeelte eintlik deel is van die "conference" en nie van die "launch" nie. Ek het nou nie gelees uit die teks nie, maar die dinge wat ek gesê het is vervat - dit is kortliks vervat in die teks op daardie laaste bladsy van hierdie bewysstuk. Ek sal graag nou 'n hele aantal punte van die analise saam met die Hof wil deurgaan soos op BEWYSSTUK ABD(6)(1). Dit begin by UDF Launch en dan B1 K1, dit wil sê band 1 kant 1.(30) Hierdie is natuurlik BEWYSSTUK 1(iv). Daar staan "UDF

... / Launch

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Launch - TRanskripsie vanaf bladsy 1." Dit wil sê op die transkripsie V(1) is dit vanaf bladsy 1. "003 musiek. 004Beginning slate '... National launching of UDF August 20th 1983 (musiek in agtergrond)'" Op daardie stukkie "slate" is daar musiek in die agtergrond wat nie op die res van die opname is nie. Ek sê verder daar "Hierdie stukkie is deur ŉ vroue stem gepraat en is duidelik oor ŉ vorige opname opgeneem." Dit is die deel waarna daar reeds verwys is en dieselfde deel as wat dan ook weer op band 5 voorkom, dit wil sê BEWYSSTUK V(1). Die volgende is my tellerlesing 164 "Snaakse effek op klank, bykomend tot gewone klank. Op skoop bekyk. Geen onderbrekings, geen snaakse pulse, geen af aan geen spoedverandering. Waarskynlik teen mikrofoon geskuur." By hierdie punt gaan die gewone opname ongesteurd voortmaar hierdie snaakse klank wat ek nie mooi weet hoe om te beskryf nie, kom daarby. Die enigste verklaring wat ek daarvoor kon kry is dat daar moontlik teen die mikrofoon self geskuur was op daardie stadium. Dan die volgende 204 "Edit oor vorige opname vrouestem 'testing 1 - 2 - 3 Launching Rally of the United Democratic Front'" Dit is die deel op bladsy 5 waaroor daar so pas gepraat is. Dan sê ek daarna by "NB Die eerste deel van die opname tot by hierdie punt stem ooreen met die eerste deel van die opname op band 5 kant 2 en is waarskynlik ŉ heropname van daardie band. Van hier af verder verskil die bande." Net hierna by tellerlesing 226 het ek weer geskryf "Edit punt - bandmasjien was af en weer aangeskakel op deel waar daar geen toespraak is nie, slegs algemene pratery." Op ossilloskoop bekyk. Vanhier af is hierdie opname nie meer dieselfde as op band 5 kant 2 nie. Tellerlesing 246 Fluit (feedback) van PA public address sisteem.

... / Dit

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Dit het u al verduidelik en ons verstaan dit. Is daar iets in die res van hierdie verslag wat u dink u moet toelig? -- Daar was so 'n klomp dinge gewees in hierdie ding, dat dit miskien tog die moeite werd is om vinnig hier deur te gaan. Ek sal probeer om die soort van ding wat reeds genoem isen waaroor die Hof geen onduidelikheid het nie te los. Ek sal net graag iets wil sê oor die volgende puntby tellerlesing 510. "Onderbreking 450 millisekondes lank - soos by teller 226. Masjien af/aan. Direk hierna begin FRancois Baard se toespraak. Opname eindig heel aan die einde." Die verwysing daar soos by teller 226. Die implikasie daar is dat dit 'n deel is waar daar nie toespraak is nie, slegs algemene pratery.

Dus dit bedoel nie dat die onderbreking 450 millisekonde lank was nie? -- Nee, dit is - op die band is daar 'n deel wat 450 millisekondes lank vertoon waartussen die dele voor die aan/af en na die aan/af is, maar hoe lank die bandmasjien in werklikheid af en aan was is nie duidelik nie. Op Band 1 Kant 2, die volgende bladsy, is daar niks besonders nie, behalwe dat gedurende hierdie opname die bandmasjien twee keer afen aangeskakel was by die een punt gemerk tellerlesing 49.

Is hierdie plekke nou al almal deur u aangedui op die transkripsies? -- Ja, dit is plekke wat reeds aangedui is. Dan Band 2 kant 1 transkripsie vanaf bladsy 23 middel. Daar is vanaf tellerlesing 003 Opname begin - eers baie sleg endan 006 Opname kom normaal deur. Dit is weer eens een van daardie tipiese gevalle wat 'n mens kry as jy sommer net met 'n klein masjientjie 'n opname probeer maak. Dan tellerlesing 010. Hier praat Samson Ndou. NB Dit is dieselfde toespraak as wat aan die einde van B1 K2 voorkom, bladsy 16

... / by

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

by teller 270 ongeveer. Dit gaan verder en bevat ook Helen Joseph se toespraak soos op B1 K2. Op die band self is dit van hierdie punt af waar daar ooreenstemming is tussen hierdie B2 Kant 1 en die ander een B1 K2. Die res hiervan is reeds bespreek. By tellerlesing 360 Fluitgeluid op opname en dan onderbreking wat lank duur. Die bandmasjien was skynbaar nie afgeskakel nie, slegs die mikrofoon. Jy het op 'n slag gewonder of daar by alle bandopnames probleme voorkom. Hier dui ek net sekeres vir u aan. Dit is duidelik dat daar in hierdie geval ook maar probleme was. 370 Die klank kom weer deur. Klanke soos asof daar aan mikrofoon gestamp of beweeg word. 378 Verdwyning van klank. 379 Mikrofoon weer aan. 381 Weer mikrofoon af vir kort rukkie. 393 Weer fluitgeluid en klankonderbreking vir ongeveer 4 sekondes en 417 Stampgeluide aan mikrofoon.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Daardie klankonderbreking, is dit 'n afskakeling van masjien of is dit maar 'n klankverdwyning? -- Dit is eintlik 'n klankverdwyning. Op die volgende bladsy by tellerlesing 527 wil ek net graag iets sê. Daar staan "Motorboating opgeneem en direk daarna 'n kort verdwyning van klank. Bandopnemer nie gestop nie." Die terme "motorboating" word by klanksisteme gebruik om aan te dui dat daar sekere soort probleme ontstaan. Die probleem veroorsaak 'n geluid wat beskryf kan word as 'n doef-doef-doef klank en indien dit betreklik vinnig gebeur dan klink dit nogal baie na die klank wat 'n motorboot maak Indien so iets ontstaan in 'n klanksisteem dan word dit gewoonlik reggemaak deur die volume kontrole vir 'n kort tydjie heeltemal toe te draai en dan weer oop te draai. So, waar daar in hierdie geval staan "en direk daarna 'n kort verdwyning in die klank, dan is dit duidelik dat dit is wat daar gebeur

... / het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

het .

HOF : Ja, maar waarom ontstaan dit? -- Dit is taamlik tegnies om dit te verduidelik, maar dit sou verduidelik kan word asof die battery wat die kragversterker gedeelte, die een wat die luidspreker voed, dat daardie selfde battery of kragbron ook gebruik word om die voorversterker vir die mikrofoon te voed en as die luidsprekers hard praat, dan laat dit die spanning oor die battery effens sak en daardie verlaging van spanning word dan oorgedra na die mikrofoon voorversterker. Die mikrofoon voorversterker reageer dan asof hy klank op die mikrofoon gekry het en hy stuur sein deur na die luidsprekers om vir die luidsprekers te sê maak hierdie sein en so ontstaan daar ʼn kringloop van terugkoppeling wat alles binne-in die elektronika plaasvind en nie buite om in die akoestiese lugpad nie. Die effek daarvan word egter gehoor in die vorm van klank soortgelyk aan ʼn motorboot. Die volgende punt by teller 375 Klank wat OWB aktiveer. Dit is duidelik daar was weer ʼn harde klank in die effek van die outomatiese winsbeheer . Dit kon duidelik waargeneem word. Op hierdie punt is daar ook ʼn NB Daar word kort-kort teen die mikrofoon of sy staander.

MNR. JACOBS : Ek wil net vir u in die rede val. Ek dink die nommer wat u gegee het is eintlik 573. Is dit nie? -- Ek het bedoel om te sê 573. Ekskuus. Ek vra verskoning. Kort daarna by 622 is daar eerstens ʼn onderbreking in opname. Opnemer word aan en af geskakel. Net daarna gaan die klank dood terwyl die opnemer loop en ʼn hele rukkie later by teller 632 kom die klank eers weer aan. Die volgende band B2 K2, dit wil sê BEWYSSTYUK (1)(v) by 002 staan daar Opname begin en tot by 590 is hierdie opname sonder probleme. Van her af is daar ʼn opname wat nie verband hou met

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die vergadering nie. Dié gedeelte van die opname is ook getranskribeer.

HOF : Watter bladsy is dit? -- Ek het nou nie direkte verwysing hierna nie. Ek kan dit gou-gou opsoek. Dit sal omtrent bladsy 45 of 46 wees van V(1). Dit is hierdie gedeelte waar ek reeds aangedui het dat daar 'n af en 'n aan onderbreking is maar dat ek nie weet waar dit is nie. Dit lyk vir my dit is die hele klomp goed wat op daardie bladsy verskyn, bladsy 46.

Ja, gaan maar voort. Onshet dit. -- Ek probeer nou net gou uitsorteer, waar daar dele is wat oorgeslaan kan word. Dit lyk my op daardie bladsy verder is daar niks wat besondere aandag verg nie. Die dele wat daar genoem is, is reeds bespreek. Ek gaan na analise bladsy 4 toe. By B3 K2 by tellerlesing 015 is daar weer dieselfde probleme as wat op baie van die ander bande voorkom, verdwynings van klank moontlik konneksieprobleme of verbindingsprobleme. Die stukkies wat hier weg is, is 12 millisekondes en 16 millesekondes lank. Dan die 174 onderbreking in opname. Hierna volg 'n opname waarvan die agtergrondgeluide verskil van dit wat voor die onderbreking was, Dit is die aan/af skakeling wat aangedui is op - ons het dit reeds aangedui.

U het dit aangedui op die volgende bladsy? -- Op bladsy 61 14 lyne van bo. So,daardie een is 'n af/aan onderbreking. Dit is nie hier op hierdie deeltjie gemerk nie, maar dit is in werklikheid af/aan onderbreking. Die volgende B4 Kl, daardie aspekte is reeds bespreek. B4 K2 is geen opname nie. B5 Kl het niks besonders daar aan nie. B5 K2. Hierdie is die deel wat ek reeds beskryf het wat ooreenstem met Bl Kl. Dit wil sê tot by die tellerlesing 220 op hierdie band 5 K2 is dit dieselfde as by Bl Kl. Verder is daar op

... / daardie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

daardie band niks wat aandag verg nie. Dan band 6 Kl het weer ŉ hele reeks van verdwynings van klank. Dit is weer eens,hierdie is waarskynlik net verbindingsprobleme. Op B6 K2 is daar niks besonders nie. So ook B7 Kl. Die aan/af skakeling is reeds bespreek en dan B7 K2 is weer net dieselfde as wat op B4 Kl voorkom. Al verskil is dat my tellerlesings wat ek gekry het vir dieselfde gebeurtenisse is nie heeltemal presies dieselfde as by die ander band nie. Hulle verskil so ŉ klein bietjie, maar verder is dit dieselfde. Al die gebeurtenisse daar op.

MNR. JACOBS : Dan BEWYSSTUK ABD(6)(i) verteenwoordig dan u analise bevinding, toe u hierdie bande BEWYSSTUKKE 1 tot 7 geondersoek en genotuleer het? --Dit is korrek.

U bevestig u bevindings en u handig dit in as BEWYSSTUK ABD(6)(i)? -- Ja, ek bevestig dit.

U het ook hierdie bevindings van u dan meer volledig bespreek in ABD(v) wat u ook aan die Hof uitgelees het? -- Dit is korrek.

U bevestig ook dit en handig dit in as BEWYSSTUK ABD(5)? -- Ek doen dit so.

MR BIZOS : My Lord, it will be necessary for us to apply to Your Lordship for leave for the original tapes to be put into the custody of Mr Timothy Patrick Sheridan Atkinson who is an expert in these matters. Unfortunately we are not in a position to inform Your Lordship precisely how much time will be required before we are ready to cross-examine the witness ... (Court intervenes)

COURT : Before you continue there. Which tapes do you want?

MR BIZOS : The originals.

COURT : Do you also want the example, the explanatory tape? That was 32 I think.

... / MR BIZOS

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MR BIZOS : For the sake of completeness I think, yes.

COURT : Well, could you just give me the numbers - what the numbers are of the tapes that you want?

MR BIZOS : There is a list there.

MNR. JACOBS : Kan ek miskien vir u help. Miskien kan ek dit aflees.

MR BIZOS : To avoid any mistakes, perhaps My Learned Friend should read out the numbers from the actual physical tapes.

MNR. JACOBS : Die eerste bewysstuk is BEWYSSTUK (1)(i) tot (vii) met die koevert se beskrywing UDF Launch Rally ... (Hof kom tussenbei)

HOF : U hoef dit nie uit te lees nie. Gee my net die nommers.

MNR. JACOBS : BEWYSSTUK 6, bestaande uit een tape. BEWYSSTUK 7(i) en(ii), twee tapes wat oorhandig word. BEWYSSTUK 14 bestaande uit twee bande wat oorhandig word. Dit is die rol bande. BEWYSSTUK 12 bestaande uit twee bande, kassetbande, BEWYSSTUKKE 12(i) en (ii). BEWYSSTUK 31(i) en (ii). Ek mag net sê dat hierdie een is onderskeibaar van die anders, want hy het nie houers waarin die kassette was nie. Dan BEWYSSTUK 32.

COURT : Very well then, these exhibits which have been mentioned by the prosecutor are handed to the personal custody of Mr Atkinson.

MR BIZOS : We do hope that we will be in a position to indicate to our Learned Friend and to Your Lordship by Monday of the week coming as to when we are likely to be ready to cross-examine the colonel. We want to assure Your Lordship ... (Court intervenes)

COURT : Could we put it on a more positive basis that all endeavours will be made to cross-examine the colonel on Monday?



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MR BIZOS : No, I do not think so, with respect. On the preliminary indications that we have had the time between now and Monday will not be sufficient. What we hope to be able to tell Your Lordship on Monday is how much longer we may require depending on certain tests that may have to be done.

COURT : Do you want me to excusethe witness indefinitely?

MR BIZOS : Indefinitely with an assurance that there will be a fairly clear indication on Monday as to when he should be back.

COURT : Well, can I have the assurance that the whole attention of Mr Atkinson will be given to this aspect so that this Court is not held up because he is busy on other matters?

MR BIZOS : May I assure Your Lordship that consistent with our attitude throughout this case, we will put whatever pressure is required on Mr Atkinson to get on with it. We do not intend taking up more time than is necessary. I may indicate to Your Lordship, as Your Lordship has seen in the previous aspects that we actually split up so that the court can continue whilst this investigation is being done. He will be working with members of the defence team almost immediately.

HOF : Kolonel, u word dan verskoon totdat u in kennis gestel word deur die Staatsaanklaer wanneer u weer benodig word. -- Dankie.

GETUIE STAAN AF.

MR BIZOS ASKS FOR AN ADJOURNMENT UNTIL TOMORROW MORNING IN ORDER TO GIVE THEM AN OPPORTUNITY TO CONSULT WITH MR ATKINSON.

COURT ADJOURNS UNTIL 13 AUGUST 1986.

\- - - - - - - - - -

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017